| 6 Maart | NG Gemeente Kogelberg | 2026 |
|---|---|---|

# Eerste Gelui

## NUUS VANUIT DIE GEMEENTE



## SONDAG 8 MAART 2026 SE EREDIENSTE:

| 08:00 | 09:00 | 10:00 |
|---|---|---|
| **Kuierkerk** | **Hangklipkerk** | **Kleinmondkerk** |
| Dr Stephan Naudé | Ds Heinrich Carstens | Dr Stephan Naudé |
| Joh 4:1-26 | Joh 4:5-42 | Joh 4:1-26 |

LIG | DEERNIS | HOOP







*Ons betuig ons innige simpatie en meegevoel met...*

*Lammie Gresse (Sa2) en kinders met die afsterwe van Mardalene .*




YouTube

Kleinmondkerk se erediens word op ons YouTube-kanaal uitgesaai. Die skakel na ons YouTube-kanaal is:

https://www.youtube.com/@NGKerkKleinmond




*Gebruik gerus die **SnapScan-opsie** om jou offergawe te gee.*

SnapScan

# Gebedsgroep

*Wanneer 'n gemeente eendragtig saamkom om te bid, sal God insig en wysheid gee, sodat Sy wil vir die geloofsgemeenskap duidelik kan word. So sal die leiers kan leiding gee, sodat lidmate se getuienis kan toeneem. Kom bid saam Dinsdae in die Kapel om 16:30 of stuur jou naam in vir die WhatsApp gebedsgroep.*

## Voorbidding vir die volgende lidmate...

*Hennie Schutte (PM3), Louise Truter (PM5) en Gerhard Booysen (Ba2)*

# Program vir die week

## 8 - 14 Maart 2026

### Sondag 8 Maart

**17:00** **Kogelberg Kids** (Kerksaal)

### Maandag 9 Maart

**09:30** GriefShare Kursus (Elza Marais)

### Dinsdag 10 Maart

**09:00** Wes-Kaap Sinode Inskakelingsprogram (Kleinmondkerk)

**09:30** HK Gebedsgroep (Hangklipkerk)

**11:00** Gerimed Biduur

**16:30** KM Gebedsgroep (Kapel)

### Woensdag 11 Maart

**09:00** Normaalklas vir Vrouebybelstudie (Kapel)

**17:30** HK Bybelskool (Hangklipkerk)

### Donderdag 11 Maart

**06:00** HK Mannegroep (Hangklipkerk)

**06:30** Kogelberg Mannegroep (TYD)

**18:00** DivorceCare Kursus (Elza Marais)

ROMEINE 5:8

"Maar God bewys sy liefde vir ons juis hierin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was."



# Herdersbediening en die voltydse predikante

Ons is tans in gesprek met van die afgetrede predikante oor hoe ons die **HERDERSBEDIENING** in die toekoms gaan hanteer. Daar is reeds van die *emeriti* wat aangedui het dat hulle steeds op hierdie manier diensbaar sal wees in die gemeente en sodra ons meer duidelikheid het oor die aantal emeriti wat beskikbaar is, sal ons ‘n sinvolle indeling van die gemeente maak en dit kommunikeer.

Intussen besef ons dat daar by lidmate (ook wyksouderlinge en dienswerkers) dalk verwarring mag wees oor wie hulle kan kontak in verband met pastorale versorging.

**Daarom wil ons graag vra dat julle vrymoedigheid sal neem om vir ds Heinrich Carstens (083 566 1490) of dr Stephan Naudé (063 580 1814) te kontak.** Hieronder is weer die indeling van die gemeente se wyke vir die predikante se pastorale verantwoordelikheid. Jy kan natuurlik ook die kerkkantoor kontak wat die inligting sal deurgee na die predikante.

DRAERS VAN | VERSKILMAKERS MET | AMBASSADEURS VAN
LIG | DEERNIS | HOOP
NG GEMEENTE KOGELBERG
ROOIELS | PRINGLEBAAI | HANGKLIP | BETTYSBAAI | KLEINMOND | ARABELLA

## Predikantswyke

Dr Stephan en ds Heinrich het voorlopig die gemeente se wyke ingedeel vir hulle pastorale verantwoordelikheid.

Indien jy onseker is, skakel gerus jou wyksouderling, dienswerker of die kerkkantoor.

| Ds Heinrich se wyke | Dr Stephan se wyke |
|---|---|
| Pringlebaai 1 | Rooiels |
| Pringlebaai 3 | Pringlebaai 2 |
| Bettysbaai 1 | Bettysbaai 2 |
| Bettysbaai 3 | Bettysbaai 4 |
| Bettysbaai 5 | Bettysbaai 6 |
| Palmiet 1 | Palmiet 2 |
| Palmiet 3 | Palmiet 4 |
| Palmiet 5 | Seelane a1 |
| Seelane a2 | Seelane a3 |
| Seelane a4 | Seelane b1 |
| Seelane b2 | Seelane b3 |
| Seelane b4 | Seelane c1 |
| Seelane c2 | Seelane c3 |
| Seelane c4 | Berglane a2 |
| Berglane a1 | Berglane a3 |
| Berglane b1 | Berglane b2 |
| Berglane b3 | Berglane b4 |
| Klein Berlyn 1 | Klein Berlyn 2 |
| Klein Berlyn 3 | Klein Berlyn 4 |
| Klein Berlyn 5 | Klein Berlyn 6 |
| Kogelpark 1 | Heuningkloof 3 |
| Kogelpark 2 | |
| Heuningkloof 1 | |
| Heuningkloof 2 | |

# Wereldbiddag vir Vroue




***Mexiko: Christen-vroue word bedreig***

*In Mexiko word pastore se vroue toenemend geteiken as gevolg van hul verbintenis met die kerkleierskap. Hulle word dikwels bedreig deur dreigemente, geweld, mensehandel of sosiale druk.*

*Beatriz*, 'n sendeling in Mexiko, onthou 'n skrikwekkende oomblik:*
*"Ek weet nie waar die krag vandaan gekom het nie – dit moes die Heilige Gees gewees het. Ek het na my man gekyk en gesê: 'Selfs al sterf ons baba, sal ons bly, want God het ons hierheen geroep.'"*
*Haar dogter het amper gesterf nadat sy met hul hond gespeel het wat deur 'n buurman vergiftig is, maar Beatriz en haar gesin het te midde van die gevaar getrou gebly.*

***Afghanistan: Christen-vroue geïsoleer***

*Intussen verduur Christen-vroue in Afghanistan sistemiese mishandeling, insluitend huishoudelike geweld, en baie word as weduwees agtergelaat nadat hul mans vir hul geloof doodgemaak word.*
*Zakie*, 'n Christen-vlugteling uit Afghanistan, het 'n boodskap gedeel wat sy van 'n vriendin ontvang het:*

*"Liewe Zakie, moenie meer vir my boodskappe stuur nie. Moenie my bel nie. Ek kan nie meer voortgaan nie, want my man het my gewaarsku: 'Ek sal jou ore en neus afsny, en ek sal die kinders neem en jou uit die huis gooi.'"*

*Ten spyte van die gevare, bly vroue soos Zakie en haar vriendin vashou aan geloof en hoop, dikwels in isolasie.*
*Vervolgde vroue se name en stemme word uitgewis. Tog is hulle veerkragtig, getrou en noodsaaklik vir die Kerk.*

# Agapé Vrouegroep

***Die Agapé vrouegroep het Saterdag 21 Feb in die buitelug, langs die see byeengekom vir hul maandelikse vergadering. Die doel was om spoelklippe op te tel wat geverf gaan word met 'n toepaslike tema om op Goeie Vrydag tydens die Kruisloop langs die pad neer te sit.***













# Kogelbergvrou

Wat as ons, die vroue van die NG gemeente Kogelberg, onsself en mekaar ’n slag daaraan herinner dat ons as Godsvroue ook Koningsdogters is, ons krone afstof en opsit en sommer ook mekaar se krone in liefde regskuif!

Dit was die tema en die gedagtes waarmee weggespring is toe ’n paar vroue van die gemeente se Kleinmond- en Hangklipgedeeltes saam begin beplan aan ’n oggendtee-geleentheid waarmee ’n nuwe gees en era van vrouebediening ingelui sou word.

Sowat 120 vroue het die afgelope Dinsdag, op ’n volmaakte herfsoggend in Maart, by die Hangklipkerk opgedaag – nogal met ’n gratis kaartjie in die hand – om die vars moontlikhede van ’n vrouebediening te vier. Tafels was stylvol en smaakvol gedek en teepotte het reggestaan om volgemaak te word.

Vele hande het ligte werk gemaak met alles wat vooraf beplan en voorberei moes word, en binne ’n japtrap was al die nodige reëlings getref. Koeksisters, vrugte-kebabs, frikkadelletjies en delikate toebroodjies het op die tafels gepryk en groot aftrek gekry.

Die geleentheidspreker was ds. Tilana Meyer-Morkel, ook ’n mamma van twee kindertjies van onderskeidelik vier jaar en vier maande. Sy het veral die saadjies van ’n gees van dapperheid vrylik onder die vroue gesaai.

Sy het die Kogelbergvroue uitgedaag om nie net hul krone reg te skuif nie, maar om ook met hernieude selfvertroue – en dapperheid – hul plekke vol te staan en hul gawes ten volle uit te leef. Dit is hoogtyd, was haar boodskap, dat gemeentestrukture wegbreek van die tradisie dat aksies en bedieninge oorwegend onder die voorsitterskap en leiding van mans funksioneer; ook dat mans met nuwe oë na die gawes, vermoëns en rolle van vroue kyk.

Marita Grobler, die enigste vrou in ons gemeente se Kerkraad, het die geleentheid geopen en het ook voorbrand gemaak vir ’n omvormde Vrouebediening met groter betrokkenheid en insette deur vroue in die doen en late van die NG Kogelberg.








UITGANG










UITGANG



# Barmhartigheidsbediening

Die afgelope jaar was uiters suksesvol! Die ruim bydraes wat ons vanaf ons gemeentelede ontvang het, was ongelooflik. Ons kon al ons verpligtinge nakom danksy al die skenkings.

Dankie aan almal wat mowe oprol en help waar hulp benodig word. Ons begin ons nuwe jaar met 'n positiewe banksaldo wat meebring dat ons meer kan gee waar daar 'n behoefte is.
Die oop harte en hande van ons gemeentelede laat ons Hemelse Vader glimlag!

*'n Groot dankie aan elke komiteevoorsitter en hulle helpers vir julle opoffering en positiewe gesindheid. Dit maak dat die Barmhartigheidsbediening 'n verskil maak in mense se lewens.*

Ons pak 2026 met groot geesdrif aan! Na ons Algemene Jaarvergadering in Februarie verwelkom ons met dankbare vreugde die lidmate wat hulle beskikbaar gestel het vir die Barmhartigheidsbediening. Dit bring mee dat elke komitee meer hande het, en dat ons nog twee komitees kon byvoeg, naamlik Winterhoop en Kleuterskooltjies.

Groete,

Kobus

# Jeugbediening






Skakel in by Kleinmondkerk in Vierde Laan met die twee kursusse wat oor 13 weke strek...

GriefShare®

Maandae om 09:30

Donderdae om 18:00

DIVORCECare®

As deel van die rouberaad-ondersteuningsgroep bied Elza Marais die 2 kursusse aan. Vir meer inligting oor die twee kursusse, kontak gerus vir Elza by 082 706 2284.

**Maandag & Donderdag**

## Normaalklas vir Vrouebybelstudie


Woensdag 11 Maart om 09:00 in die Kapel



**Woensdag**

## Hangklip Toerusting

Die nuwe toerustingsreeks wat deur ds Hendrik Saayman by Hangklipkerk aangebied word op Woensdae om 17:00.




**Woensdag**

## Weeklikse Gebedsgroepe




## Mannebediening






## Plante




## Klankspan




## Kerkkantoor



NG KOGELBERG

vanaf **16:00**

# KOS-& KUIERMARK

**Kos, koffie, koek & musiek met 'n tradisionele kerkbasaargeur.**

## VRYDAG 20 MAART

**Pannekoek | Koektafel**

**Basaarpoeding | Teetuin**

**Lewerkoekies | Kerrie & Rys**

**Sosaties | Hamburgers**

**Jaffels | Kindertafel**



**NG Kerksaal**

**1ste Laan 36 Kleinmond**



**Kaartjies te koop vanaf 15:30**

Gemeenskaps-

# DAGBOEK






# Veels Geluk...

## Saterdag 7 Maart

Chrissie Els 071 512 0170 (HK1)

Burger Malherbe 082 326 4211 (Sc1)

Martin Snyman 083 289 8362 (KP1)

Annatjie Stander 083 602 1156 (PM5)

## Sondag 8 Maart

Fanie Potgieter 072 508 3119 (Ba2)

## Maandag 9 Maart

Derigue Coetzee (KB1)

Christa Marx 076 541 6766 (BB2)

Wilna Uys 073 198 0675 (KB5)

Bessie Van Der Walt 083 719 3987 (Bb4)

## Dinsdag 10 Maart

Marié Beneke 076 654 7297 (BB6)

Estelle Bruwer 083 441 0176 (Sc4)

Pieter Coetzee 082 829 3854 (KB5)

Liam Horn (BB1c)

Marie Kleynhans 082 854 2704 (Sa4)

Zendré Swanepoel 083 227 4971 (Sa4)

## Woensdag 11 Maart

Marita Grobler 079 684 2751 (KB1)

Santjie Grobler 082 392 9075 (KB4)

Mariëtte Human 082 561 5567 (Sb1)

Carien Lombard 082 789 1853 (BB1b)

Leon Louw (Sc4)

Herman Rossouw 082 574 4870 (Ba1a)

## Donderdag 12 Maart

Elsabé Bekker (Sa1)

Gert Halgreen 083 406 0803 (PB2b)

Frik Le Grange 071 208 2951 (PM5)

Marita Nolte 083 388 9721 (Ba1a)

Chané Venter (Ba1b)

## Vrydag 13 Maart

Adriaan Buckle (KB2)

Linda Van Niekerk 083 226 6986 (BB2)






## GROEPGESPREKKE | 9-14 MAART 2026

**1. Gesels bietjie saam...**
- Gesels met mekaar oor dit wat jy elke dag nodig het om te "funksioneer"?
- As jou lewe 'n battery was, hoe vol is dit vandag?
- Wanneer jou lewe baie besig of stresvol raak, wat help jou om weer balans te kry?

**2. Ons storie nou...**
Lydenstyd is 'n tyd waarin ons eerlik na ons lewe kyk en vra waar ons fokus lê.
- Wanneer voel mense vandag die meeste leeg of alleen?
- Waarheen draai mense gewoonlik wanneer hulle sin, rus of vervulling soek?
- Watter dinge probeer mense soms gebruik om hul "dors" te les – maar dit hou nie lank nie?

**3. God se storie...**
Lees ***Johannes 4:5-42*** rustig saam deur (dalk uit 'n ander vertaling soos *Die Boodskap*) en gesels dan oor die volgende temas en vrae:
- Hoekom is dit so ongewoon dat Jesus deur Samaria loop en dan by 'n put gaan sit en met hierdie spesifieke vrou praat?
- Hoe verander die gesprek van water na iets dieper?
- Wat doen die vrou wanneer Jesus haar verlede noem?
- Wat sê hierdie ontmoeting oor wie Jesus is?
- Wat leer ons oor God se hart vir buitestanders?

**4. Hoe die Bybel ons storie verander...**
- Waar dink jy sit Jesus dalk al lank en wag om met jou te praat?
- Watter dinge probeer ons soms gebruik as "water" wat eintlik nie ons diep dors les nie?
- Hoe kan ons in hierdie Lydenstyd weer ons fokus terugskuif na God as die Bron van lewe?

**5. Sluit die byeenkoms af deur geleentheid vir stil of hardop gebede.**

**Ons lees dié week uit die Woord...**
Lees gerus die volgende teksgedeeltes uit die Woord en oordink dit hierdie week onder leiding van die Heilige Gees:
- Maandag 9 Maart - Johannes 4:5-42
- Dinsdag 10 Maart - Psalm 23
- Woensdag 11 Maart - 1 Samuel 16:1-13
- Donderdag 12 Maart - Efesiërs 5:8-14
- Vrydag 13 Maart - Johannes 9:1-41
- Saterdag 14 Maart - Johannes 9:1-41